

HOOFSTUK 2

METING OP SKOOL EN 'N OORSIG VAN ENKELE STUDIES INSAKE HOUDINGS

2.1 Inleiding

In die vorige hoofstuk is die soeklig op die groot toename in die aantal funksies van die skool, laat val. Daar is aangetoon dat hierdie geleidelike ontplooiing grootliks die gevolg van nuwe wysgerige strominge was, versterk deur die merkwaardige toename in kennis, asook deur gebeurtenisse van ingrypende aard soos die twee wêreldoorloë. Op grond hiervan is die skool gedwing om gaandeweg noukeuriger aandag aan die omskrywing van doelwitte te skenk, beter onderrigmetodes toe te pas en is die kind in 'n groter mate self by sy onderwys en opleiding betrek deur aan hom 'n groter mate van medeseggenskap in die beplanning en beoordeling van take toe te ken.

Grootliks as gevolg van die groot toename in die leerlingtalle en die uitbreiding van die funksies van die skool, het nuwe en verbeterde metingsmetodes die lig gesien en is nie alleen die kennis wat die kind besit, gemeet nie, maar ook sekere aspekte van sy persoonstruktuur. Meting en evaluering in die algemeen, is nou gemoeid met die meting van houdings, wat die hooftema van hierdie studie uitmaak. Gevolglik sal daar in hierdie hoofstuk stilgestaan word by meting en evaluering in die algemeen en verwys word na die grondslae van moderne denkrigtings insake persoonsmeting, soos onder andere die fenomenisme.

Hierdie bespreking sal gevolg word deur enkele uittreksels uit studies wat handel oor houdings en houdingsverandering.

2.2 Omskrywing van die begrippe

In die lig van die waarde wat in die moderne skool aan meting en evaluering geheg word, is dit noodsaaklik dat die begrippe nader omlin word.

2.2.1 Meting

Menslike eienskappe soos moed, durf en fisieke vermoëns is in meerdere of mindere mate van oudsher af, op grond van persoonlike wedywering bepaal. Op die terrein van die godsdiens het die kategese by baie volkere neergekom op die van buite leer van antwoorde op bepaalde vrae.

Voor die aanvang van die huidige eeu, is daar binne skoolverband ook hoofsaaklik van mondelinge ondervraging, as toetsmetode gebruik gemaak. Met die opkoms van die eksperimentele metode, hoofsaaklik onder invloed van die Naturalisme, is daar op sistematies-wetenskaplike wyse, metodes vir die meting van menslike eienskappe, soos intelligensie en kennis, bedink. Die gedagte was dat die kind in 'n ontwerpte situasie geplaas word, waarin van hom verwag word om daardie eienskappe in te span. So 'n situasie word dan, na analogie van die naturalistiese beskouinge, 'n eksperimentele situasie genoem. Die kind moet daarin op sekere opdragte reageer.¹⁾

Daar word onderskeid gemaak tussen psigologiese en kennis-toetse. Waar eersgenoemde die kenmerke van die psigiese struktuur probeer bepaal, spits laasgenoemde hom toe op die bepaling van die hoeveelheid kennis wat die mens besit.

Die grondliggende gedagte agter die pogings om meer omtrent die kind te wete te kom, is die begeerte by opvoedkundiges om beter in staat te wees om sover moontlik, in elke kind se besondere behoeftes te voorsien. Om dié rede is gevoel dat kwantitatiewe meting, hoe belangrik dit ook al is, aangevul moet word deur kwalitatiewe meting.²⁾

Die woord sowel as die begrip „meet” word vandag vrywel algemeen aanvaar, gebruik en word verskillende eienskappe van die psigiese struktuur van die kind „gemeet”. Daarmee word nie voorgegee dat psigiese eienskappe aan 'n vorm van eksakte meting onderwerp kan word nie. Die bedoeling is eerder om by benadering 'n beeld van sekere eienskappe van die kind te verkry, op grond waarvan meer doeltreffende hulp aan hom gebied kan word. Kwalitatiewe vertolking van kwantitatiewe gegewens, gepaard met ander metingsmiddele soos observasie en gesprek, is onontbeerlik by doeltreffende onderwys.³⁾

Vroeëre toetstechnici het nie alleen eksakte kennis of uiterlike vaardighede aan meting onderwerp nie, maar ook die vermoë om verworwe kennis toe te pas en probleme op te los. Aan die moeiliker meetbare menslike eienskappe, soos houdings, is aanvanklik weinig aandag geskenk.

1) Thorndike, R.L. en Hagen, Elizabeth. Op. cit., p.7.

2) Loc. cit.

3) Wrightstone, J.W. e.a. Evaluation in modern education, p.4;
kyk ook: Downie, N.M. Fundamentals of measurement, p.3.

Afgesien van die klaarblyklike nadele wat daaraan kleef, bly meting nog steeds een van die mees bruikbare metodes om 'n beeld van die mens se geestesstruktuur te verkry.

2.2.2 Evaluering

In teenstelling met meting, het die begrip evaluering in die moderne skool op die voorgrond getree as gevolg van die behoefte wat ontstaan het, om te bepaal in watter mate sekere gestelde onderwysdoelwitte verwesenlik is.⁴⁾ Dit kom neer op 'n klemverskuiwing vanaf 'n punt wat toegeken word op grond van verworwe kennis na 'n simbool, wat as aanduiding van die verwesenliking van een of ander gestelde doelwit dien. Daar word ook getrag om langs dié weg in te dring tot die diepere wesenstrukture van die kind.⁵⁾

2.2.3 Grondslae van die begrippe meting en evaluering

By die toepassing van meting of evaluering in die skool, word van die volgende aanvaarde standpunte uitgegaan:

- (i) Die individualiteit van die kind word erken.
- (ii) Die ingewikkeldheid van menslike eienskappe word aanvaar, asook die feit dat die resultate van meting of evaluering swak, onvolledig en selfs foutief en misleidend mag wees. Aansluitend hierby word aanvaar dat leemtes in meting en evaluering verminder, maar nooit uitgeskakel kan word nie, want dit bly nog steeds mensgemaakte middels. Om dié rede mag die resultate van meting en evaluering nooit as finaal beskou word nie. Geen mens mag bloot op grond daarvan finaal beoordeel word nie.
- (iii) Die tegnieke van meting en evaluering is nie beperk tot papier-en-potloodtoetse nie. Enige bykomende inligting wat die onderwyser of voorligter kan bekom, moet meehelp om tot 'n beter begrip van die leerling te kom. Langs dié weg kan die leerling ook gehelp word om homself en sy probleme beter te begryp.⁶⁾

4) Wrightstone, J.W. op. cit., p.4.

5) Downie, N.M. op. cit., p.4.

6) Ibid., p.4-5.

2.3 Die fenomenologiese persoonsverkenningpraktyke

Aangesien hierdie studie oor meting en evaluering handel, word volledigheidshalwe 'n kort samevatting van die fenomenologiese persoonsverkenningmetode hier ingevoeg. Volgens hierdie denkrigting moet die pedagogiese situasie of die persoon self as 'vertrekpunt' beskou word.

Net soos die wetenskaplik-opgeleide pedagoog graag wil weet hoe daar met die kind gehandel moet word, so wil die natuurlike opvoeder, die ouer, ook sodanige kennis bekom. Tot hierdie kennis kan egter nie gekom word nie, behalwe deur die kind te ken.⁷⁾

Om die kind te ken, moet daar met hom in aanraking gekom word, dit wil sê daar moet met hom gekommunikeer of in gesprek getree word. Dié fenomenologies-antropologies-eksistensiële psigologie praat gladnie van 'toetse' en 'metinge' nie, omdat volgens hulle beskouings, die mens voortdurend as totaliteit (persoon) op die wêreld betrokke is, waarvoor geen toets opgestel kan word en dit dus nie gemeet kan word nie. Ander redes waarom die voorstanders van dié denkrigting nie van toetsing en meting praat nie, sluit die volgende in:

- (i) Die mens is nooit objek van ondersoek, soos in die natuurwetenskap nie, maar altyd subjek.
- (ii) Dit is onrealisties om die mens in psigiese funksies te probeer opdeel en dié funksies dan „objektief” te probeer meet.
- (iii) Watter toets ook al opgestel word, bring nooit slegs die bepaalde „psigiese funksie” wat gemeet word na vore nie, omdat, kragtens sy menswees as persoonswees en sy wêreldbetrokkenheid, die mens hom altyd in sy totale betrokkenheid in die 'toets' inwerp.⁸⁾

Samevattend kom die fenomenologiese persoonsverkenningmetode op die volgende neer:

7) Nel, B.F. op. cit., p.101. Kursivering deur Nel.

8) Loc. cit.

- (i) Die ondersoek van 'n kind beteken dat allerlei metodes aangewend moet word, om die struktuur en verborgenhede van die persoon te verken en dit uit te lig.
- (ii) Daar word egter ook van bestaande toetse gebruik gemaak, maar hulle word anders benader.
- (iii) Die middele wat aangewend word om tot ware kennis van die persoon te kom, is onder andere die volgende: Ontmoeting, observasie, gesprek en so meer. Verder is daar ook hulpmiddels nodig om verdere bevestiging van die observasie- en gespreksbevindinge te kry. Hierdie hulpmetodes sluit onder andere handvaardighede in. Daar word ook soms van bestaande metingsmedia soos intelligensie-toetse gebruik gemaak, wanneer daar gou tot sodanige kennis gekom moet word.⁹⁾

Afgesien van die fenomenologiese deurskouing en kwalitatiewe analise van die kind, word ook algaande, volgens voorskrifte, syfertoekennings aan die verskillende items gemaak om eventueel ook 'n kwantitatiewe beoordeling in terme van 'n intelligensiekwasiënt te gee. Die interpretasie van die intelligensiekwasiënt moet egter altyd in die lig van die kwalitatiewe analise geskied en dit moet die historisiteit van die kind insluit.¹⁰⁾

2.4 Meting en evaluering in U lig

Daar bestaan waarskynlik momente van waarheid in die denke van beide die naturaliste sowel as die fenomeniste. Vir die Christelike opvoeder is die lig van die Skrif egter die enigste ware rigsgnoer in sy wetenskapsbeoefening. God is die enigste Kenner van die hart, Hy ken van ver af die gedagtes van die mens en as daar volgens menslike maatstawwe vermoëns of eienskappe aan die lig tree, moet hulle gesien en bepaal word in die lig van Sy genade.

In die Skrif word talle voorbeelde van „toetsing” of „evaluering” weerspieël, waarvan die volgende slegs enkele is:

9) Ibid., p.102-103.

10) Ibid., p.107.

- (i) In die tyd van die Rigters is die Efraimiete by geleentheid aan 'n dialektiese uitspraaktoets onderwerp, met rampspoedige gevolge vir diegene in hulle geledere, wat die woord „sjibolet” nie korrek kon uitspreek nie.¹¹⁾
- (ii) Die Psalmdigter Asaf „evalueer” die oënskynlike voorspoed van die onsinniges en goddeloses, in die lig van hulle uiteindelijke bestemming, verkeerd.¹²⁾
- (iii) Die versugting van Dawid klink ook by geleentheid op: „Deurgrond my, o God en ken my hart; toets my en ken my gedagtes”. Met oorgawe bid hy dat die Here hom moet ondersoek en met Sy speurende oog aan hom openbaar moet maak wat in sy hart verkeerd is.¹³⁾
- (iv) Die geheimsinnige woorde teen die muur van koning Bêlsasar se paleis het, luidens Daniël se verklaring daarvan, 'n boodskap aan die koning ingehou, dat God die mens se dade en gesindheid tel en weeg.¹⁴⁾

In die lig van die Skrif, handel die gelowige opvoeder dus volkome reg as hy metings- en evalueringmetodes in sy onderwys= praktyk toepas, met die doel om tot 'n beter kennis van die kinder= natuur te geraak. By die toepassing van dié metodes moet daar egter met groot omsigtigheid te werk gegaan word en moet die kind nie bloot as „fenomeen” of „objek” beskou word nie, maar as 'n skepsel van God. Verder moet die Skrifbepalinge in dié verband gedurig voor oë gehou word. Die mens moet te alle tye besef dat, selfs sy mees wetenskaplik gewaande bevindinge, nie die volle waarheid aan die lig sal bring nie.¹⁵⁾

2.5 Die doel van meting en evaluering

Met bostaande riglyne voor oë, is die doel van meting en evaluering kortliks om:

-
- 11) Rigters 12:6.
 - 12) Psalm 73. Die hele Psalm.
 - 13) Psalm 139:23.
 - 14) Daniël 5:26,27.
 - 15) 1 Korinthiërs 13:12.

- (i) betroubare inligting in verband met die kind te bekom;
- (ii) knelpunte in verband met leerinhoude en onderrigmetodes, op verantwoordbare wyse uit te skakel;
- (iii) inligting insake die vordering van 'n kind in een of ander vak, aan ouers en ander belanghebbendes, beskikbaar te stel;
- (iv) probleme in verband met die leerakt bloot te lê;
- (v) verantwoordbare kriteria vir die indeling van kinders in bekwaamheidsgroepe daar te stel;
- (vi) die doeltreffendheidspeil van die onderwyser se werk mee te help bepaal;
- (vii) die doeltreffendheidspeil van 'n omvattende opvoedkundige stelsel, met die oog op die moontlike verbetering daarvan, te bepaal.¹⁶⁾

2.6 Historiese oorsig van die ontwikkeling van metings- en evalueringstegnieke

Dit is 'n onbegonne taak om die ontwikkeling van meting en evaluering gedurende die afgelope aantal dekades in sy geheel te probeer uiteensit. Daarvoor is die veld te wyd en het daar te veel ontwikkeling in 'n kort tydsbestek plaasgevind. Met die oog op die volledigheid en eenheid van die studie, word egter tog enkele hoogtepunte aangedui.

2.6.1 Die meting van intelligensie

Met die koms van industrialisasie het die behoefte om, op vinnige en doeltreffende wyse, tussen begaafde en minder begaafde kinders te kan onderskei, skerp op die voorgrond getree. Dit het aanleiding tot die ontwikkeling van intelligensietoetse gegee, eers in Frankryk onder leiding van Binet en Simon en later ook in ander lande, onder andere ook in Suid-Afrika. Hoewel die meting van intelligensie, op sigself genome, slegs een aspek van die kindweerspieël, verskaf dit tog nuttige inligting met die oog op die indeling van kinders in bekwaamheidsgroepe en ook by die bepaling van die kind se werksvermoë.¹⁷⁾

16) Downie, N.M. op. cit., p.5; kyk ook: Wrightstone, J.W. op. cit., p.41.

17) Wrightstone, J.W. op. cit., p.6.

2.6.2 Die ontwikkeling van persoonlikheidstoetse

Sedert die dertigerjare is daar, benewens in die meting van intelligensie, ook lewendige belang in 'n aantal vorms van persoonlikheidsmeting gestel. Die Rorschach- en ander projeksietegnieke het gedurende hierdie tydperk die lig gesien. Die eerste houdingskale is ook in hierdie jare ontwerp.¹⁸⁾

2.6.3 Die opkoms van evalueringstegnieke

Soos hierbo uitgesit,¹⁹⁾ is daar met die toename in die aantal onderwysdoelwitte, minder klem op bloot kwantitatiewe toetsresultate gelê en is daar meer aandag aan evalueringstegnieke geskenk. Gedurende die afgelope dekades het daar heelwat ontwikkeling op hierdie gebied plaasgevind.²⁰⁾

2.6.4 Ander metingstegnieke

In die jongste jare het die klem nog verder van eksakte meting af verskuif en is 'n aantal bykomende metingstegnieke op die proef gestel. In hierdie verband verdien belangstellingsinventarisse, vraelyste en aanlegtoetse onder meer, vermelding. Intussen is die gewone toetsingsmetodes sover moontlik verbeter, deur hulle meer objektief te maak en het onder andere die kort-antwoordtoets baie gewild geword.

2.7 Oorsig van resente Suid-Afrikaanse navorsing in verband met houdings

Die algemene belangstelling in houdings word weerspieël in die aantal studies wat in die jongste tyd op hierdie terrein onderneem is. Tot heel onlangs was dit egter meesal sosioloë en psigoloë wat navorsing insake houdings onderneem het.²¹⁾ Die belangrikheid van 'n studie van houdings vir die onderwys, word egter in toenemende mate besef en gevolglik het opvoedkundiges dié studiegebied nou ook begin betree. Uit dié geledere van hierdie groep is daar twee studies wat besondere vermelding verdien, naamlik dié van Arnold

18) Loc. cit.

19) Kyk p. 26.

20) Wrightstone, J.W. op. cit., p.7.

21) Allport, G.W. Attitudes. (In Fishbein, M., red. Attitude theory and measurement, p.3.)

en Vrey.²²⁾

2.7.1 Arnold se bydrae

Vir Arnold is die ontwikkeling van 'n natuurwetenskaplike gesindheid 'n belangrike doelwit in die onderwys en opvoeding. Die wetenskaplike gesindheid is verder vir hom 'n denkwys wat deur die onderwys ontwikkel word. Daar bestaan egter in die onderwysinrigtings sekere leemtes wat die harmoniese ontwikkeling daarvan belemmer, soos onder meer, die volgende:

- (i) Daar bestaan nie volkome eenstemmigheid oor wat presies met 'n natuurwetenskaplike gesindheid bedoel word nie.
- (ii) Dit is nie bekend of onderwysinrigtings daarin slaag om hierdie gesindheid by leerlinge en studente aan te kweek en te ontwikkel nie.
- (iii) Daar bestaan geen instrument om die natuurwetenskaplike gesindheid van leerlinge en studente aan Suid-Afrikaanse inrigtings te evalueer nie.

Aan die hand van 'n voorlopige vraelys wat deur 'n aantal eerstejaargestudente beantwoord is, het die vermoede by hom posgevat dat baie van die studente wat die vraelys beantwoord het, se wetenskaplike gesindheid nie voldoende ontwikkel is nie en dat dit moontlik een van die oorsake vir hulle swak prestasie kan wees.²³⁾

Hy omskryf die begrip gesindheid soos volg: „Dit is die denkwys wat deur wetenskaplikes vir die oplossing van probleme toegepas word.” Dié gesindheid is veral van waarde wanneer ingewikkelde navorsing gedoen word. Om die gesindheid te evalueer, moet die proefpersoon voor 'n probleem situasie geplaas en sy oplossing ontleed word. Herhaalde toepassings van die toets en die noukeurige ontleding van die verskillende aspekte van die antwoorde kan dan op 'n toets uitloop wat al die aspekte van 'n wetenskaplike gesindheid evalueer.²⁴⁾

22) Arnold, N. Die natuurwetenskaplike gesindheid: 'n Ontleding van die begrip en die tentatiewe evaluering daarvan by senior middelbare skoolleerlinge en universiteitstudente wat Chemie as vak bestudeer. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Potchefstroom, Universiteit vir C.H.O., 1960, en Vrey, J.D. Die natuurwetenskaplike houding: Die standaardisering van 'n toets by Afrikaanssprekende standaard tienleerlinge en 'n vergelyking van die mate waarin verskillende tipes naskoolse opleiding die ontwikkeling van die houding bevorder. Ongepubliseerde D.Ed.-proefskrif, Potchefstroom, Universiteit vir C.H.O., 1963.

23) Arnold, N. Op. cit., p.22.

24) Ibid., p.18, 19.

Met die oog op die toetsing van sy hipotese het hy 'n geldige toets saamgestel, deur middel waarvan die natuurwetenskaplike gesindheid by senior middelbare skoolleerlinge en voorgraadse universiteitstudente, wat Natuur- en Skeikunde as vak bestudeer, bepaal is.

Arnold se vraelys het uit 16 vrae bestaan, elk met 'n meegaande antwoordblad, waarop die proefpersone hulle antwoorde deur middel van kruisies moes aandui.

Die finale toets is deur 1507 proefpersone beantwoord.

2.7.1.1 Arnold se bevindinge

Arnold se bevindinge kom onder andere op die volgende neer:

- (i) Die natuurwetenskaplike gesindheid is nie by die mens aangebore nie, maar moet aangeleer word. Om dié rede is die ontwikkeling daarvan 'n onmiddellike doelstelling van die onderwys in die natuurwetenskappe.
- (ii) Oor die algemeen word nie daarin geslaag om die natuurwetenskaplike gesindheid by leerlinge te ontwikkel nie.
- (iii) Omgewing speel 'n rol by die ontwikkeling van 'n natuurwetenskaplike gesindheid. Waar die kind in aanraking kom met natuurwetenskaplikes, werk dit die ontwikkeling van dié gesindheid by hom in die hand.
- (iv) Die kind se gesindheid speel in hierdie verband 'n groot rol in sy akademiese prestasies.
- (v) Die natuurwetenskaplike gesindheid kan ontwikkel word deur gebruik te maak van geskikte onderwysmetodes.²⁵⁾

Arnold beveel aan dat die toets wat hy saamgestel het, gestandaardiseer word, ten einde die waarde daarvan te verhoog. Op dié wyse kan onderwysers in staat gestel word om te bepaal of hulle onderwysmetodes geslaag is of nie.

25) Ibid., p.180.

2.7.2 Vrey²⁶⁾ se studie

Vrey het op die studie van Arnold voortgebou en laasgenoemde se vraelys as uitgangspunt geneem, met die oog op die standaardisering daarvan. Die voorkoms van die vrae is egter gewysig, om aan die statistiese eise van standaardisering te voldoen en ook om die nasien daarvan op objektiewe wyse, in die hand te werk. Aangesien die vraelys vir 'n groter groep proefpersone bedoel was, is dié aspekte daarin, wat betrekking op 'n kennis van Chemie het, vervang.

Die vrae is gevolglik aangepas om die proefpersone se houding te meet en dit sluit onder andere die volgende in: Die wil om 'n oplossing vir 'n probleem te vind, intellektuele eerlikheid, die vermoë om tussen vaste, veranderlike en onbelangrike faktore in 'n eksperimentele situasie te onderskei, die vermoë om geldige gevolgtrekkings te maak, noukeurige waarnemingsvermoë, die neiging om krities teenoor sake te staan, die vermoë om te veralgemeen en so meer.²⁷⁾

By wyse van 'n voortoets is die vraelys aan 195 leerlinge vir beantwoording voorgelê. Op grond van die verkreeë resultate is die vrae almal hersien en aan 50 eerstejaarstudente aan 'n onderwyskollege voorgelê en weer eens hersien. Die finale standaardisering het plaasgevind deur dit aan 1261 standerd tien-leerlinge voor te lê. Die leerlinge het uit 'n verteenwoordigende monster bestaan.

2.7.2.1 Probleme wat ondervind is

Tydens Vrey se ondersoek is die volgende probleme ondervind:

- (i) Die eerste vraag wat ontstaan het, is hoe die natuurwetenskaplike houding ontwikkel. Die ondersoek het nie aan die lig gebring of die natuurwetenskaplike houding geleidelik of sprongsgewyse ontwikkel nie. Ook kan nie met sekerheid gesê word of dit by alle individue eenders ontwikkel nie. Die rol wat ryping en besondere onderrigmetodes speel, is ook nie bepaal nie.

26) Kyk p.32.

27) Vrey, J.D. op. cit., p.137-138.

'n Verdere vraag is of sekere vakke en sekere metodes bydraende faktore tot die ontwikkeling van houdings is. Meer navorsing is nodig om dit vas te stel.

Die vraag waarom naskoolse groepe nie beter as skoolgroepe geprester het nie, kon ook nie beantwoord word nie. Ouderdom en ryping het nie geblyk 'n rol te speel nie. Dieselfde kan van die invloed van die kultuurmilieu gesê word.²⁸⁾

2.7.2.2 Gevolgtrekkings waartoe Vrey gekom het

Die gevolgtrekkings waartoe Vrey gekom het, behels onder andere die volgende:

- (i) Met behulp van bepaalde onderrigmetodes sal die natuurwetenskaplike houding goed kan ontwikkel word.
- (ii) Ten einde die gewenste ontwikkeling in die hand te werk, is daar 'n gekoördineerde program, wat al die vakke moet insluit, nodig.²⁹⁾

2.7.2.3 Implikasies van die resultate

Vrey vat die implikasies van sy studie soos volg saam:

- (i) Vakonderrig sal die natuurwetenskaplike houding nie outomaties veel verbeter nie.
- (ii) 'n Goedgevormde en ontwikkelde natuurwetenskaplike houding sal die student in staat stel om die besondere vak met meer sukses aan 'n universiteit te bestudeer. Verder sal dit die individu ook beter bekwaam om sy plek as landsburger vol te staan in die kultuur wat in 'n groot mate deur die tegnologie beïnvloed word.
- (iii) 'n Ontwikkelde natuurwetenskaplike houding sal die professionele sowel as die militêre student ook beter bekwaam om sy plek in die praktiese lewe vol te staan.
- (iv) Die toets het 'n prognostiese waarde omdat voornemende B.Sc.-studente met behulp daarvan, as bykomende hulpmiddel, in hulle vakkeuse gelei kan word.³⁰⁾

28) Ibid., p.267.

29) Ibid., p.265.

30) Ibid., p.267-268.

Vrey sluit sy ondersoek af deur op te merk dat, vanweë die belangrikheid van onderrigmetodes, die skole, universiteite en weermaggimnasiums, aandag aan die ontwikkeling van 'n natuurwetenskaplike houding kan gee,³¹⁾

2.8 Ander Suid-Afrikaanse houdingstudies

Resente Suid-Afrikaanse studies insake houdings, behels onder andere die volgende:

2.8.1 Mouton³²⁾ se studie

Die studie behels die toepassing van 'n houdingskaal op vier groepe proefpersone. Die strekking van die skaal is om die houding van persone teenoor oorlog te bepaal. Die vier groepe proefpersone het bestaan uit 'n studentegroep, 'n gevestigde groep, 'n politieke groep en 'n militêre groep. Bykomende inligting insake die proefpersone is ingewin, soos geslag, ouderdom, akademiese kwalifikasies, beroep, sosio-lokale en sosio-regionale milieu, politieke en patriotiese belangstellings en so meer. Die skaal is anoniem toegepas.

Die skaal is saamgestel volgens die Likert-metode en is bedoel vir persone tussen 18 en 25 jaar. Na yking het die skaal uit 20 items bestaan, waarvan elkeen op oorlog betrekking het.

2.8.1.1 Mouton se gevolgtrekkings

Mouton se gevolgtrekkings kan soos volg saamgevat word:

- (i) Bepaalbare faktore oefen 'n kragtiger invloed op die houding van persone teenoor oorlog uit as ander.
- (ii) Veranderlikes soos patriotisme, politieke belangstelling, akademiese opleiding en sosio-lokale milieu het geblyk sterk beïnvloedende veranderlikes te wees.

31) Loc. cit.

32) Mouton, N.J. Die mens se houding teenoor oorlog. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1967.

- (iii) Die proefpersone met 'n plattelandse agtergrond, het 'n oorwegend militaristiese houding geopenbaar, terwyl die stedelike groep weer voorkeur aan pasifisme gegee het.
- (iv) Die resultate van die ondersoek toon 'n groot mate van ooreenkoms met soortgelyke Amerikaanse ondersoeke. Veral ten opsigte van veranderlike faktore soos patriotisme, politieke belangstelling, akademiese opleiding en geslag, is in albei gevalle sterk positiewe resultate gevind. In die geval van faktore soos militêre opleiding en veral sosialiteit is die resultate, in beide Amerikaanse en Suid-Afrikaanse studies, minder positief, selfs inkonsekwent.
- (v) In verband met die geslagsverskille, dra die resultate bewyse dat vroue oor die algemeen meer pasifisties as mans is.³³⁾

2.8.2 Lotz³⁴⁾ se studie

Die doel van hierdie ondersoek was om 'n objektiewe, geldige en betroubare beeld van die houdings van 'n aantal Pretoriase mans teenoor gemengde sport te kry.³⁵⁾ Pretoria is as veld vir die ondersoek gekies omdat dit 'n metropolitaanse, stedelike kompleks is. Die proefpersone het uit manlike, blanke persone, 22 jaar en ouer, uit 'n aantal beroepe, bestaan. Die groep het proefpersone uit albei die taalgroepe ingesluit en die houdingskaal is anoniem beantwoord.

Die ondersoek het plaasgevind op grond van 'n vraelys wat 'n aantal aspekte van gemengde sport gedek het. Die vraestel self het uit 24 stellings bestaan. Op elke vraag moes „ja”, „nee” of „onseker” geantwoord word.

Die vraestel is tweekeer geyk en altesaam 382 proefpersone het die finale vraelys beantwoord.

33) Ibid., p.108.

34) Lotz, J.W. Die houding van 'n groep Pretoriase mans teenoor gemengde sport: 'n sosiologiese ondersoek. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1968.

35) Ibid., p.6.

2.8.2.1 Lotz se bevindinge

Lotz se bevindinge kom op die volgende neer:

- (i) As geheel is die groep betreklik konserwatief, in sover dit hulle houding teenoor gemengde sport betref.
- (ii) 'n Groot deel van die proefgroep staan afwysend teenoor die gemengde beoefening van sport binne die landsgrense.
- (iii) Die houding van die groep teenoor internasionale sport= byeenkomste in die buiteland, waar blankes met nie-blankes kragte meet, is liberaal.

2.8.3 Serfontein³⁶⁾ se studie

Serfontein se doel met die studie was om die houding van 'n aantal eerstejaarstudente aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit teenoor gesag, met behulp van 'n houdingskaal en 'n persoonlikheidstoets, te bepaal.

Vir die doel van sy studie het Serfontein twee groepe eerstejaarstudente gekies, waarvan een groep militêre opleiding deurloop het en die ander groep nie. Die eerste groep sou die eksperimentele groep en die tweede die kontrolegroep vorm.

Serfontein se toetsmateriaal het uit 'n Likert-tipe skaal met 30 stellings, 'n persoonlike vraelys en 'n projeksietoets (die Rorschach-Inkkladtoets) bestaan. Elke groep het uit 20 studente bestaan.

Die resultate het aan die lig gebring dat daar geen noemenswaardige verskil tussen die twee groepe se houding teenoor gesag bestaan nie. Albei groepe aanvaar die noodsaaklikheid van gesag.³⁷⁾

2.8.3.1 Resultate van die persoonlikheidstoets

Op grond van die toepassing van die „Minnesota Multiphase Personality Inventory“ het Serfontein lae en onbeduidende korrelasies tussen die antwoorde van die twee groepe gekry.³⁸⁾

36) Serfontein, S. Die houding van 'n groep Suid-Afrikaanse studente teenoor gesag. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, Pretoria, Universiteit van Pretoria, 1966.

37) Ibid., p.157.

38) Ibid., p.161-162.

2.8.3.2 Bevindinge op grond van die Rorschach-Inkkladtoets

Volgens Serfontein het die toepassing van bogenoemde toets die mees betekenisvolle resultate opgelewer. Hy meen dat dit toegeskryf moet word aan die feit dat die Rorschach-toets dieperliggende verskille meet, terwyl die houdingskaal en selfs die persoonlikheidstoets, slegs oppervlakkige trekke blootlê.

Serfontein kom, op grond van 'n totaalbeeld van sy resultate, tot die slotsom dat, in weerwil van die onbeduidende verskille in die houding van die groepe, die groep wat militêre opleiding ondergaan het, gesag op 'n meer volwasse, meer deurwerkte wyse, as die ander groep, aanvaar.³⁹⁾

2.9 Opsomming van enkele buitelandse studies oor houdingsverandering

Die algemene belangstelling in die bestudering van houdings in die buiteland, het meegebring dat heelwat publikasies in hierdie verband, in die jongste tyd die lig gesien het. Dit sou 'n onbegonne taak wees om 'n samevatting daarvan te probeer gee en gevolglik is besluit om slegs 'n aantal studies wat oor houdingsverandering handel, hier te bespreek.

2.9.1 Die studie van Freedman⁴⁰⁾

Freedman het die verband tussen houdingsverandering en die betrokkenheid van die proefpersoon by bepaalde leerstof, met behulp van 110 hoërskoolleerlinge, probeer bepaal. Die leerstof het in hierdie geval uit 'n aantal meetkundige probleme bestaan.

Die eksperimentele gedeelte het soos volg verloop: Die groep het vooraf 'n persoonlikheidstoets afgelê ten einde hulle belangstelling en gemotiveerdheid te bepaal. In dié verband is onder meer aan hulle meegedeel dat die ondersoek waaraan hulle gaan deelneem oor sake sou handel wat vir hulle van persoonlike belang is.

39) Ibid., p.165.

40) Freedman, J.L. Involvement, discrepancy and change. (In Backman, C.W. en Secord, P.F. red. Problems in Social Psychology: selected readings, p.102-107).

Die persoonlikheidstoets is gevolg deur 'n begripsvormingstoets. Dié toets het meetkundige begrippe, gebaseer op grootte, aantal, vorm en posisie van meetkundige figure, behels. Aan elk van die onderdele is 'n bepaalde syferwaarde toegeken. Die toets was be=doel as 'n maatstaf vir die bepaling van algemene intelligensie en waarnemingsvermoë.

Die houding van die proefpersone is vooraf met behulp van 'n sewe-punt skaal bepaal.

Tydens die bestudering van die meetkundige leerstof is die betrokkenheid van die proefpersone daarby, gemanipuleer deur mid=del van sleutelsinne soos: "Die eerste gedeelte van die toets sal nie nagesien word nie en jou punte sal dus nie daarop gebaseer wees nie."

Meer intensiewe betrokkenheid van die proefpersone by die toetsinhoud is aan die ander kant bewerkstellig met opdragte soos: "Dit is belangrik dat jy jou indrukke so gou as wat moontlik is, weergee." Spoed is die belangrikste aspek van die toets. Jou puntetelling sal daarvan afhang hoe naby jou antwoord aan die regte een is."

Na afhandeling van die toets is die houdingskaal weer eens toegepas.

2.9.1.1 Freedman se bevindinge

Freedman se bevindinge kom op die volgende neer:

- (i) Die affektiewe band tussen die proefpersoon en 'n be=paalde aangeleentheid (soos die leerstof wat bestudeer is), speel 'n belangrike rol in die wysiging van sy houding.
- (ii) Die mate van sukses wat in die rigting van houdings=verandering behaal word, deur middel van beïnvloeding, hang af van die verskil of wanverhouding wat tussen die proefpersoon se huidige houding en die standpunt wat hy gevra word om te aanvaar, bestaan. Namate die wanver=houding of klaarblyklieke teenstrydigheid toeneem, neem die moontlikheid van houdingsverandering af.
- (iii) 'n Bykomende aspek is die intensiteit (of diepgeworteldheid), van 'n bepaalde houding by die proefpersoon. 'n Houding wat reeds diep wortel geskiet het, word nie maklik verander nie.

- (iv) Verwerping van 'n bepaalde standpunt word vasgestel wanneer die proefpersoon daarin 'n element van vooroordeel bespeur. Dit werk houdingsverandering teë.
- (v) Betrokkenheid by 'n saak, al is dit gering, werk houdingsverandering in die hand.⁴¹⁾

2.9.2 Scott⁴²⁾ se studie

Scott se doel was om die invloed van beloning, soos die verowering van 'n prys of die goedkeuring van medemense, op die houding van 'n aantal proefpersone, vas te stel.

Die proefneming het min of meer soos volg verloop:

Deur middel van 'n sewe-punt skaal, is die houding van 'n aantal proefpersone teenoor bepaalde aangeleenthede gemeet. Die proefneming self het 'n reeks debatte behels. Die wenner sou 'n sekere bedrag as prysgeld ontvang. Die proefpersone het slegs in teenwoordigheid van hulle opponente opgetree. Aan die begin is hulle meegedeel dat hulle standpunte sou moes verdedig wat moontlik nie met hulle eie sou ooreenstem nie.

Die beoordelaars het by elke byeenkoms uit twee professore in Sielkunde en 'n senior nagraadse student bestaan. Slegs een van die beoordelaars het vir die duur van die proefneming opgetree, terwyl daar vir elke byeenkoms opnuut twee ander aangewys is. Geen deelnemer het sy opponent vantevore geken nie en dieselfde houdingskaal as aan die begin, is na elke byeenkoms toegepas.

2.9.2.1 Scott se bevindinge

Samevattend kom Scott se bevindinge op die volgende neer:

- (i) Op grond van 'n vergelyking van die resultate van die houdingskaal, het aan die lig gekom dat die deelnemers 'n sterk neiging getoon het om hulle oorspronklike houding, in die rigting van die standpunt wat hulle verdedig het, te wysig. Scott bevind dat dit ooreenstem met wat hy in 'n vroeëre studie gevind het, waar leerlinge voor hulle

41) Ibid., p.106.

42) Scott, W.A. Attitude change by response reinforcement: replication and extension. Sociometry, 22:328-335, 1959.

klasmaats moes optree met laasgenoemde se stem as enigste „beloning“. Die wenners het, in dié geval, ook tekens van houdingsverandering in die rigting van die standpunte wat hulle verdedig het, getoon.

- (ii) Persone wie se houding gewysig is, het na tien dae nog geen neiging getoon om terug te keer tot hulle oorspronklike houding nie, in weerwil van die feit dat hulle gedurende daardie tydperk in dié sosiale verband, wat vermoedelik hulle oorspronklike houding onderskraag het, gelewe het.
- (iii) 'n Verdere bevinding is dat die versterking wat die proefpersone ontvang het, hulle houding op een van drie maniere mag beïnvloed: Hulle oorspronklike houding mag sterker herbevestig word; hulle houding mag verander en persone wat voorheen neutraal gestaan het mag nou wel standpunt inneem.
- (iv) Geen bewys, om aan te toon dat persone met 'n neutrale houding, meer as die ander geneig was om standpunt te kies, kon gevind word nie.⁴³⁾

2.9.3 Kelman⁴⁴⁾ se bydrae

In hierdie studie het Kelman die rol wat oorreding by houdingsverandering speel, ondersoek. Met die oog op geldige bevindinge het hy 'n uitgebreide reeks studies onderneem wat die volgende stappe behels het:

- (i) Die proefpersoon se oorspronklike houding is deur middel van 'n houdingskaal bepaal.
- (ii) Hy word aan 'n nuwe houding, op die krag van oorreding, blootgestel. Dit wil sê daar is gepoog om hom om te praat.
- (iii) Sy houding, soos dit in die nuwe situasie aan die lig tree, word waargeneem.⁴⁵⁾

43) Ibid., p.335.

44) Kelman, H.C. The induction of action and attitude change, (In Coopersmith, S. red. Personality Research, p.81-110).

45) Ibid., p.85.

2.9.3.1 Kelman se bevindinge

Op grond van sy ondersoek bevind Kelman, onder andere, die volgende:

- (i) Die kans dat oorrëding tot houdingsverandering sal lei, is beter wanneer daar 'n mate van skakeling of geesverwant=skap tussen die proefpersoon en toetsafnemer bestaan. Indien hierdie band ontbreek, kan die poging tot oorrëding juis die teenoorgestelde uitwerking tot gevolg hê, naamlik 'n versterking van die oorspronklike houding, as verdedig=ing teen die oorrëdingspoging.
- (ii) As die psigologiese situasie waarin die proefpersoon hom bevind, nadat hy voor die oorrëding geswig het, sodanig is dat dit vir hom noodsaaklik is om sy nuwe houding te verdedig, sal hy na strooihalms gryp om homself voor ander mense te regverdig. Die persoon wat homself by=voorbeeld 'n „kat in die sak” gekoop het, nadat hy deur 'n verkoopsman met 'n gladde mond oorrömpel is, sal naar=stiglik na nuwe gebruike vir die artikel soek ten einde sy verlies, selfs in sy eie oë, te verbloem.⁴⁶⁾

2.10 Houdings en die Skrif

In die Skrif word eg-menslike houdings op talle plekke tref=fend weerspieël. Die volgende is enkele voorbeelde:

- (i) In die gelykenis van die barmhartige Samaritaan word sy houding teenoor die gewonde Jood, nadat beide priester en Leviet houdings van onverskilligheid of traak-my-nie-agtigheid aan die dag gelê het, in enkele kernagtige woorde geskets: „..... en toe hy hom sien, het hy innig jammer gevoel”.⁴⁷⁾
- (ii) In die gelykenis van die verlore seun, word 'n pragtige voorbeeld van houdingsverandering geskets. Die oomblik toe die jongman finaal tot besinning gekom het, word weerspieël in sy woorde: „Ek sal opstaan en na my vader gaan”.⁴⁸⁾

46) Ibid., p.100.

47) Lukas 10:33.

48) Lukas 15:18.

- (iii) Die krag van oorreding word op treffende wyse geïllus=treer tydens die verskyning van Paulus voor koning Agrippa. Nadat Paulus, op sy kenmerkende wyse, die verhaal van sy bekering vertel het, asook van die be=handeling wat hy van die Jode daarna ontvang het, sluit hy sy betoog af met die woorde: „Glo u die profete, koning Agrippa? Ek weet dat u glo.” Paulus se woorde het blykbaar ’n diepe indruk op hom gemaak, soos blyk uit sy antwoord: „Jy beweeg my byna om ’n Christen te word.”⁴⁹⁾

2.11 Samevatting

In die huidige hoofstuk is enkele belangrike aspekte van die begrippe meting en evaluering in oënskou geneem. Die twee begrippe is afsonderlik ontleed en is, samehangend daarmee, ’n kort uiteen=setting van die fenomenologiese standpunte in verband met meting en evaluering geskets. Daarna is dit benadruk dat die Skrifgelowige by die implementering van weë en middele om tot ’n wetenskaplike meting van die kind te kom, in die kind se persoon iets meer as ’n blote „fenomeen” of „objek” moet sien, omdat die kind in die eerste en laaste instansie. ’n skepsel van God is.

Aansluitend by bogenoemde gedagtes, is vervolgens aspekte soos die doel van meting en die aanwending van toetsresultate in oënskou geneem. Ook is daar ’n kort oorsig van die ontwikkeling van meting en evaluering gegee.

Ten slotte is ’n oorsig van enkele studies oor houdings byge=voeg, waaruit geblyk het dat die by-mekaar-aansluitende studies van Arnold en Vrey, met die oog op die onderwys, die belangrikste is. Wat oorsese studies betref is slegs enkeles, wat in verband met houdingsverandering staan, in oënskou geneem.

Enkele voorbeelde is, met groot piëteit, uit die Skrif aange=haal ten einde die perspektief vir die besinning, wat verderaan in die studie sal ontplooi, in die regte lig te plaas.

49) Handeling 26:28.

Dit sal vervolgens nodig wees om die begrip houding van na=derby te beskou en om onder andere aandag aan enkele belangrike dimensies daarvan, soos deur kenners onderskei, te skenk. Dit sal veral nodig wees om enkele teorieë insake die verandering van houdings in oënskou te neem.